No 10 - 2025] Second Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 29 MAY 2025

**HOUSE: 14:15**

**MOTION**

The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That, notwithstanding the provisions of Rule 18, the hours of sitting on Tuesday, 3 June 2025, and Wednesday, 11 June 2025, shall be: 10:00 to adjournment.

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr F Kamfer
Mr D W Bryant
Ms D R Stephens
Ms R Windvogel
Mr M Booysen
Mr B N Herron
Mr G Brinkhuis

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS *(Continued)***

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(29 May 2025)***

1. Ms N D Nkondlo: That the House debates the latest budget speech delivered by the Minister of Finance, Enoch Godongwane; notes that there has been much debate regarding this budget process, an unprecedented process in our democracy; and notes that we find ourselves in precarious waters, where there is a need to stimulate the economy to generate jobs and growth.

2. Mr B Ngqentsu: That the House debates the latest crime statistics; notes that the statistics of the South African Police Service for the first three months of 2025 show that the number of murders in South Africa dropped by 12,4% to 5 727 murders since the beginning of the year; notes that this is a vast improvement from the same period in 2022, 2023 and 2024, where murders totalled over 6 000 for the period; notes, however, that the Western Cape had the second-highest murder rate at 14,2; and notes that this is a concerning factor as it has a ripple effect on all aspects in the province – the crisis of chronic underdevelopment in working-class communities remains the dominant source of the problem.

**NOTICE OF MOTION *(22 May 2025)***

1. Mr D G Jacobs: That the House congratulates the Sevens Springbok team that won the World Championship Sevens Rugby; notes that this team, which showed grit and tenacity, was made up of mostly coloured players, and that the world could see coloured children showing their skills; further notes that, across the Western Cape, there are many Blits Boks and other national sport stars walking the streets and not knowing where their next meal will come from; notes that opportunities are denied to them, because they are "coloured"; and therefore salutes those young ones who have risen above their situation and have shown the world they are proudly coloured.

2. Mr G Brinkhuis: That the House notes the disturbing increase in ongoing gang violence on the Cape Flats; further notes that people gunned down are innocent victims of the ongoing drug and turf war among gangs; acknowledges that gangsters' "free reign of terror" is the result of a lack of police visibility in high-profile areas, such as Delft, Khayelitsha, Bonteheuwel, Manenberg, Lotus River, Guguletu, Lavendar Hill, Mitchells Plain, and so on; further acknowledges that current interventions are failing to bring about safety and security for the people in this province; notes that the implementation of the Law Enforcement Advancement Plan (LEAP) is not making any progress to eradicate gang violence and drug dealings; further notes that the DA-run province prioritises the monitoring of peaceful pro-Palestine protests; notes that the use of much-needed resources is required to deal with gangsters and drug pedlars on the Cape Flats and in surrounding townships; calls for the prioritisation of the safety and security of all residents and more so those living on the Cape Flats.

3. Mr B Ngqentsu: That the House congratulates the Kraaifontein Parliamentary Constituency Office (PCO) of the African National Congress (ANC) for convening a highly successful community dialogue with over 100 neighbourhood watches from Wallacedene, Scottsville, Scottsdene and Bloekombos; notes that the dialogue was held under the theme "From fear to freedom: Together, let's reclaim Kraaifontein's streets from criminals", and that this served as a critical platform for selfless and hardworking neighbourhood watch members to share their lived experiences and to propose responses to the challenges they face; further notes that the event enabled the South African Police Service (SAPS) and other relevant stakeholders to provide initial feedback and to engage directly on community safety concerns; notes that the SAPS acknowledges that several key issues were raised during the dialogue, including the urgent need for operating office spaces, warm regalia and protective gear, stipends (given the high levels of poverty and unemployment), and essential tools of trade to enable their volunteer work effectively; calls on the Western Cape Government to allocate greater resources and institutional support to neighbourhood watches in Kraaifontein and similar high-risk communities across the province; notes that this initiative highlights the important role of community-based safety structures and underlines the need for the government to make volunteerism fashionable and sustainable through adequate support; and thanks Comrade Mirriam Modiba, a volunteer of the ANC

Kraaifontein PCO, for her dedication and hard work in putting together such a successful programme.

4. Mr B Ngqentsu: That the House congratulates the South African Transport and Allied Workers Union (SATAWU) and other trade unions existing in the sector for successfully concluding an above-inflation wage agreement of 17,5% with the state-owned enterprise Transnet; notes the agreement includes social benefits such as an increased pension fund contribution, an improved housing allowance and access to affordable medical aid; acknowledges this step as a significant milestone in advancing the rights and welfare of workers in the logistics sector; calls on the Provincial Parliament to support ongoing negotiations that aim to ensure non-retrenchment and the protection of workers against any negative consequences of restructuring at Transnet; affirms that structural reforms must not undermine the hard-won rights of workers or dilute the central role of the state in the governance and control of state-owned enterprises (SOEs); cautions that – should any reforms adopt neoliberal features that prioritise profit over people, weaken public control or marginalise labour – organised labour will be well within its rights to consider industrial action, including strike action, in defence of workers' rights and public ownership; and reiterates the importance of a just transition and transformation agenda that is worker-centred, people-driven and in alignment with the values of social and economic justice.

5. Ms N D Nkondlo: That the House notes with appreciation the successful working visit of the South African delegation, led by President Ramaphosa, to the United States where they engaged with President Donald Trump and his administration to strengthen trade relations and counter harmful misinformation, including baseless claims of "white genocide" in South Africa; further notes and welcomes that the delegation demonstrated a united and strategic approach, safeguarding critical agreements, such as the African Growth and Opportunity Act (AGOA), which sustains thousands of jobs and bolsters economic ties between the two nations; acknowledges the vital contributions of key delegation members, including COSATU President Zingiswa Losi, who powerfully advocated for workers' rights and addressed systemic challenges such as crime, gender-based violence and economic transformation; notes that business leaders, such as Johann Rupert, also played a crucial role in dispelling political distortions, particularly by highlighting the Western Cape's severe gang violence, which he compared to armed insurgencies such as the M23 rebels, which starkly exposed the DA's governance failures; condemns the DA's disappointing conduct during these engagements, where its leader, John Steenhuisen, prioritised petty party politics over national unity, only to be publicly rebuked for ignoring the Western Cape's rampant crime crisis; and notes that this behaviour revealed the DA's detachment from South Africa's real challenges and its alignment with foreign agendas; and commends the South African delegation for their diplomatic skill in navigating a complex and often adversarial US administration, defending the nation's sovereignty and advancing its economic and social interests with resilience and strategic foresight.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13).

No 10 - 2025] Tweede Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 29 MEI 2025

**HUIS: 14:15**

**VOORSTEL**

Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat, nieteenstaande die bepalings van Reël 18, die ure van sitting op Dinsdag, 3 Junie 2025, en Woensdag, 11 Junie 2025, sal wees: 10:00 tot verdaging.

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr F Kamfer
Mnr D W Bryant
Me D R Stephens
Me R Windvogel
Mnr M Booysen
Mnr B N Herron
Mnr G Brinkhuis

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE *(Vervolg)***

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING *(29 Mei 2025)***

1. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die jongste begrotingsrede debatteer wat deur die Minister van Finansies, Enoch Godongwane, gelewer is; kennis neem dat daar ’n groot debat oor hierdie begrotingsproses was, wat ’n ongehoorde proses in ons demokrasie is; en kennis neem dat ons onsself op sorgwekkende terrein bevind, waar daar ’n behoefte is om die ekonomie te stimuleer ten einde werkgeleenthede en groei te skep.

2. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis die jongste misdaadstatistiek debatteer; kennis neem dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens se statistieke vir die eerste drie maande van 2025 aandui dat die getal moorde in Suid-Afrika sedert die begin van die jaar met 12,4% na 5 727 moorde gedaal het; kennis neem dat dit ’n groot verbetering is in vergelyking met dieselfde tydperk in 2022, 2023 en 2024, toe daar meer as 6 000 moorde vir die tydperk was; egter kennis neem dat die Wes-Kaap die tweede grootste moordkoers van 14,2 gehad het; en kennis neem dat dit ’n kommerwekkende faktor is omdat dit ’n rimpeleffek op alle aspekte in die provinsie het – die krisis van chroniese onderontwikkeling in werkersklasgemeenskappe is steeds die oorheersende bron van die probleem.

**VOORSTEL MET KENNISGEWING *(22 Mei 2025)***

1. Mnr D G Jacobs: Dat die Huis die Sewes-Springbokspan gelukwens wat die Sewesrugby-wêreldkampioenskap gewen het; kennis neem dat hierdie span, wat vasberadenheid en volharding getoon het, meestal uit bruin spelers bestaan het, en dat die wêreld kon aanskou hoe bruin kinders hul vaardigheid toon; verder kennis neem dat daar in die Wes-Kaap baie Blitsbokke en ander nasionale sportsterre op straat is wat nie weet waar hul volgende maaltyd vandaan gaan kom nie; kennis neem dat hulle van geleenthede ontneem word omdat hulle “bruin” is; en dus daardie jongmense salueer wat uit hul omstandighede gestyg het en die aan wêreld gewys het dat hulle trotse bruinmense is.

2. Mnr G Brinkhuis: Dat die Huis kennis neem van die ontstellende styging in die voortslepende bendegeweld op die Kaapse Vlakte; verder kennis neem dat die mense wat doodgeskiet word, onskuldige slagoffers van die voortgesette dwelm- en gebiedsoorlog tussen bendes is; erkenning gee dat bendelede se “vrye terreurbewind” die gevolg van ’n gebrek aan polisiesigbaarheid in hoëprofielgebiede soos Delft, Khayelitsha, Bonteheuwel, Manenberg, Lotusrivier, Guguletu, Lavender Hill, Mitchells Plain, ensovoorts is; verder erkenning neem dat die huidige ingrypings nie daarin slaag om veiligheid en sekuriteit aan die mense in hierdie provinsie te verskaf nie; kennis neem dat die implementering van die Program vir die Bevordering van Wetstoepassing (LEAP) nie enige vordering maak om bendegeweld en dwelmbedrywighede uit te wis nie; verder kennis neem dat die DA-beheerde provinsie die monitering van vreedsame pro-Palestynse protestoptogte as prioriteit stel; kennis neem dat die gebruik van broodnodige hulpbronne vereis word om bendelede en dwelmhandelaars op die Kaapse Vlakte en in omliggende townships te hanteer; en ’n beroep doen om die veiligheid en sekuriteit van alle inwoners en veral diegene wat op die Kaapse Vlakte woon, te prioritiseer.

3. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis die Kraaifontein- parlementêre kiesafdelingskantoor (PKK) van die African National Congress (ANC) gelukwens met die reëling van ’n uiters suksesvolle gemeenskapsdialoog met meer as 100 buurtwagte van Wallacedene, Scottsville, Scottsdene en Bloekombos; kennis neem dat die dialoog met die tema “Van vrees na vryheid: Laat ons saam die strate van Kraaifontein van misdadigers terugwen” ’n kritieke platform vir onbaatsugtige en hardwerkende buurtwaglede was om hul eie ervarings te deel en om reaksies voor stel vir die uitdagings wat hulle in die gesig staar; verder kennis neem dat die geleentheid die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en ander toepaslike belanghebbendes in staat gestel het om aanvanklike terugvoering te verskaf en om direk oor gemeenskapsveiligheidskwessies te skakel; kennis neem dat die SAPD erkenning gee dat verskeie hoofkwessies gedurende die dialoog geopper is, insluitende die dringende behoefte aan funksionerende kantoorruimtes, warm kleredrag en beskermende toerusting, toelae (gegewe die hoë vlakke van armoede en werkloosheid), en noodsaaklike bedryfsgereedskap om hulle in staat te stel om hul vrywillige werk doeltreffend uit te voer;

’n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering om meer hulpbronne en institusionele steun aan buurtwagte in Kraaifontein en soortgelyke hoërisikogemeenskappe in die provinsie te verskaf; kennis neem dat hierdie inisiatief die belangrike rol van gemeenskapsgebaseerde veiligheidstrukture beklemtoon en klem lê op die behoefte dat die regering vrywillige werk deur middel van voldoende steun gewild en volhoubaar maak; en kameraad Mirriam Modiba, ’n vrywilliger van die ANC Kraaifontein-PKK, bedank vir haar toewyding en harde werk om so ’n suksesvolle program te reël.

4. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis die South African Transport and Allied Workers Union (SATAWU) en ander vakbonde in die sektor gelukwens met die suksesvolle afsluiting van ’n loonooreenkoms met Transnet, die onderneming in staatsbesit, van 17,5% wat bo inflasie is; kennis neem dat die ooreenkoms maatskaplike voordele soos ’n verhoogde pensioenfondsbydrae, ’n beter behuisingstoelaag en toegang tot bekostigbare mediese fonds insluit; erkenning gee dat hierdie stap ’n beduidende mylpaal vir die bevordering van die regte en welstand van werkers in die logistieke sektor is; ’n beroep doen op die Provinsiale Parlement om voortgesette onderhandelings te steun wat ten doel het om nieherstrukturering en die beskerming van werkers teen enige negatiewe gevolge van herstrukturering by Transnet te verseker; bevestig dat strukturele hervormings nie die regte van werkers wat moeisaam verdien is, moet ondermyn of die kernrol van die regering in die regeringstoesig en beheer van ondernemings in staatsbesit (OSB’s) moet verminder nie; waarsku dat – indien enige hervormings neoliberale kenmerke aanneem wat wins as prioriteit bo mense stel, openbare beheer verswak of arbeid marginaliseer – georganiseerde arbeid na regte sal wees om nywerheidsoptrede, insluitende stakings, te oorweeg om werkersregte en openbare eienaarskap te beskerm; en die belangrikheid van ’n regverdige oorgang en transformasie-agenda beklemtoon wat werkergesentreerd, mensegedrewe en in lyn met die waardes van maatskaplike en ekonomiese geregtigheid is.

5. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met waardering kennis neem van die suksesvolle werksbesoek van die Suid-Afrikaanse afvaardiging, gelei deur President Ramaphosa, na die Verenigde State waar hulle met President Donald Trump en sy administrasie geskakel het om handelsbetrekkinge te versterk en skadelike waninligting teen te staan, insluitende ongegronde aansprake van ’n “wit volksmoord” in Suid-Afrika; verder kennis neem en dit verwelkom dat die afvaardiging ’n verenigde en strategiese benadering getoon het wat kritieke reëlings, soos die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) wat duisende werksgeleenthede volhou en ekonomiese bande tussen die twee nasies versterk, beveilig het; erkenning gee aan die noodsaaklike bydrae van belangrike afvaardigingslede, insluitende die COSATU-president, Zingiswa Losi, wat sterk voorspraak gemaak het vir werkersregte en aan sistemiese uitdagings soos misdaad, geslagsgebaseerde geweld en ekonomiese transformasie aandag geskenk het; kennis neem dat sakeleiers soos Johann Rupert ook ’n noodsaaklike rol gespeel het om politieke hervormings te verdryf, veral deur die Wes-Kaap se ernstige bendegeweld te beklemtoon, wat hy met gewapende opstande soos die M23-rebelle vergelyk het, wat die DA se regeringstoesigversuim duidelik bloot-gestel het; die DA se teleurstellende gedrag gedurende hierdie skakelings veroordeel waar sy leier, John Steenhuisen, kleinlike partypolitiek bo nasionale eenheid geprioritiseer het, net om in die openbaar berispe te word dat die Wes-Kaap se ongebreidelde misdaadkrisis geïgnoreer word; en kennis neem dat hierdie gedrag die DA se afsydigheid teenoor Suid-Afrika se ware uitdagings en die belyning daarvan met buitelandse agendas, blootgestel het; en die Suid-Afrikaanse afvaardiging aanprys vir hul diplomatieke vaardigheid om ’n ingewikkelde en dikwels vyandige VSA-administrasie te navigeer en die nasie se soewereiniteit te verdedig en sy ekonomiese en maatskaplike belange met veerkragtigheid en strategiese vooruitsig te bevorder.

17

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11); Mnr N P Masipa (bl 12); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr F Kamfer (bl 12); Me A P Bans (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Mnr M K Sayed (bl 13); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Me P Z Lekker (bl 13); Me B Stoffel (bl 13); Mnr D G Jacobs (bl 13).

# IPALAMENTE

# YEPHONDO

# LENTSHONA KOLONI

===============

# IPHEPHA LOLUHLU LWEMICIMBI

===============

LWESINE, 29 MEYI 2025

**INDLU: 14:15**

**ISIPHAKAMISO**

UMbhexeshi oyiNtloko weQela elilawulayo (uMnu G Bosman): Sokuba, nangona kukho izibonelelo zoMthetho 18, iiyure zokuhlala kweNdlu ngoLwesibini, 3 Juni 2025, noLwesithathu, 11 Juni 2025, ziza kuba ngo: 10:00 de kuchithakalwe.

**IMIBUZO YOQHAWULISO NEMIBUZO**

**IMIBUZO EBHEKISWA KWINKULUMBUSO KUNGENZIWANGA SAZISO**

UMnu F Kamfer
UMnu D W Bryant
UNksz D R Stephens
UNksz R Windvogel
UMnu M Booysen
UMnu B N Herron
UMnu G Brinkhuis

**IINTETHO ZAMALUNGU**

**IZIPHAKAMISO *(Ziyaqhuba)***

---

**OMNYE UMCIMBI**

**ISAZISO ZESIPHAKAMISO *(29 Meyi 2025)***

3. UNksz N D Nkondlo wenze isiphakamiso: Sokuba iNdlu ixoxe ngentetho yohlahlo lwabiwomali yamvanje enikezelwe nguMphathiswa wezeMali, uEnoch Godongwane; iyaqaphela ukuba

kubekho ingxoxompikiswano enkulu mayela nale nkqubo yohlahlo lwabiwomali, inkqubo engenakufaniswa nanto kwidemokhrasi yethu; kwaye iyaqaphela ukuba sizifumanisa sisemanzini engozi, apho kukho imfuno yokuvuselela uqoqosho ukuzisa imisebenzi nokhulo.

4. UMnu B Ngqentsu wenze isiphakamiso: Sokuba iNdlu ixoxe ngeenkcukachamanani zolwaphulomthetho zamvanje; iqaphela ukuba iinkcukachamanani zeNkonzo yaMapolisa oMzantsi Afrika zeenyanga ezintathu zokuqala zika2025 zibonakalisa ukuba inani labantu ababulelweyo eMzantsi Afrika lehle ngowe12, 4% ukuya kutsho kuma5 727 abantu ababuleweyo oko kuqale unyaka; iyaqaphela ukuba oku kukuphucuka okumandla kunangaxeshanye ngo2022, u2023 nango2024, apho abantu ababuleweyo bebonke babengaphaya kwama6 000 ngelo xesha; iyaqaphela, nangona kunjalo, ukuba iNtshona Koloni ibe nomyinge wabantu wesibini ukuphakama nge14, 2%; kwaye iyaqaphela ukuba le yimeko exhalabisayo kuba inefuthe elinkcenkcezayo kuzo zonke iinkalo ephondweni – ingxubakaxaka yophuhliso olungekho mgangathweni olunganyangekiyo kuluntu lwabasebenzi ehleli ingumthombo ozingileyo wale ngxaki.

**ISAZISO ZESIPHAKAMISO *(22 Meyi 2025)***

6. UMnu D G Jacobs: Sokuba iNdlu ivuyisana neqela laMabhokobhoko aBadlala beSixhenxe eliphumelele uBuntshatsheli beHlabathi boMbhoxo waBadlala eSixhenxe; iyaqaphela ukuba eli qela, elibonakalise isibindi nonyamezelo, lenziwe ukakhulu ngabadlali babebala, kwanokuba ihlabathi likwazile ukubona abantwana bebala bebonakalisa izakhono zabo; iphinda iqaphele ukuba, kuyo yonke iNtshona Koloni, kukho aMabhokobhoko eBlits amaninzi kunye nezinye iinkwenkwezi zezemidlalo zikazwelonke ezizula ezitalatweni kwaye zingazi ukuba ziza kutya ntoni na; iyaqaphela ukuba bavinjwa amathuba, kuba benga“bebala”; kwaye kengoko yothulela umnqwazi abo bantu batsha basukumileyo bagqitha ngaphaya kwemeko yabo baza babonakalisa ihlabathi ukuba bangabebala abazingcayo.

7. UMnu G Brinkhuis wenze isiphakamiso engenzanga saziso: Sokuba iNdlu iyakuqaphela ukonyuka okuphazamisayo kobundlobongela bamaqela emigewu kwiCape Flats; iphinda iqaphela ukuba abantu abadutyulwayo ngamaxhoba abamsulwa emfazwe yeziyobisi neendawo zokuzithengisela eqhubayo phakathi kwamaqela emigewu; iyanakana ukuba “imbubhiso ekhululekileyo” yamaqela emigewu sisiphumo sentsilelo yokubonakala kwamapolisa kwiindawo ezidume ngolwaphulo-mthetho oluphakamileyo, ezifana neDelft, iKhayelitsha, iBonteheuwel, iManenberg, iLotus River, iGuguletu, iLavendar Hill, iMitchells Plain, kwanezinye; inakana kwakhona ukuba amangenelelo akhoyo ayoyisakala ukuzisa ukhuselo nokhuseleko lwabantu kweli phondo; iyaqaphela ukuba ukuqaliswa kweSicwangciso soPhuculo loNyanzeliso lwezoMthetho (LEAP) akwenzi nkqubela ukutshitshisa ubundlobongela bamaqela emigewu nokugweva ngeziyobisi; iphinda iqaphele ukuba iphondo elilawulwa yiDA libalula ukuphononongwa koqhankqalazo loxolo oluxhasa iPalestine; iqaphela ukuba usetyenziso lwemithombo edingeka ngamandla luyafuneka ukuqubinsa namaqela emigewu kunye nabo batshutshumbisa iziyobisi kwiCape Flats kwaneelokishi ezingqongileyo; imemelela ukubalulwa kokhuselo nokhuseleko ungakumbi kwabo bahlala kwiCape Flats.

8. UMnu B Ngqentsu wenze isiphakamiso engenzanga saziso: Sokuba ivuyisana ne-Ofisi yabo Bamelwe ePalamente yaseKraaifontein (PCO) yeAfrican National Congress (ANC) ngokukhweba ingxoxo-mpIkiswano yoluntu yempumelelo kunye nabagada ekuhlaleni abangaphaya kwe100 abaphuma eWallacedene, eScottsville, eScottsdene naseBloekombos; iyaqaphela ukuba le ngxoxo-mpikiswano ibibanjwe phantsi komxholo othi “Ukuphuma kuloyiko uye enkululekweni: Sikunye, masithabathe izitalato zaseKraaifontein kwimigulukudu sizibuyisele kuthi”, kwanokuba okusebenze

njengenqwanqwa elibalulekileyo kumalungu abagada ekuhlaleni angacingeli ziqu zawo zodwa nasebenza nzima ukuba belane ngamava awo okuphila kwaye aphakamise iimpendulo kwimingeni ajongene nayo; iphinda iqaphele ukuba lo msitho uxhobise iNkonzo yaMapolisa oMzantsi Afrika (SAPS) kwanabanye ababandakanyekayo ukuba babonelele ngengxelo yenkqubela yasekuqaleni kwaye baqondane ngqo neenkxalabo zokhuseleko zoluntu; iyaqaphela ukuba iSAPS inakana ukuba imiba eliqela engundoq iphakanyisiwe ngexesha lale ngxoxo-mpikiswano, kuquka imfuno engxamisekileyo yezithuba zee-ofisi zokusebenzela, iimpahla zokunxiba zikamakufanwe ezifudumeleyo nezikhuselekileyo, iimali zokucazela (ngenxa yamanqanaba aphakamileyo entlupheko nentswelangqesho), kwakunye nezixhobo ezibalulekileyo zorhwebo ukuxhobisa umsebenzi wobuvolontiya wabo nokufanelekileyo; imemelela kuRhulumente weNtshona Koloni anikezele ngemithombo emininzi kwakunye nenkxaso yeziko kwabo bagada ekuhlaleni eKraaifontein kwanolunye uluntu olukwakumngcipheko ofana nalo ukuphakama kulo lonke iphondo; iyaqaphela ukba eli linge liqaqambisa ukubaluleka kweziseko zokhuseleko ezizinze kuluntu kwaye libethelela imfuno kurhulumente ukuba enze ubuvolontiya umba onokuthandwa kule mihla noluzinzileyo ngenkxaso efanelekileyo; kwaye ibulela uQabane Mirriam Modiba, ivolontiya leANC Kraaifontein PCO, ngokuzinikela nokusebenza kwakhe ukubumba ndawonye le nkqubo iphumelele kangaka.

9. UMnu B Ngqentsu wenze isiphakamiso engenzanga saziso: Sokuba iNdlu ivuyisana neSouth African Transport and Allied Workers Union (SATAWU) neminye imibutho yabasebenzi ekhoyo kweli candelo ngokufilela ngempumelelo kwisigqibo sokutyikitya isivumelwano semivuzo engaphaya kokunyuka kwexabiso lemali se17, 5% kunye noqumrhu lezoshishino eliphantsi kobunini bukarhulumente, uTransnet; iyaqaphela ukuba esi sivumelwano siquka iinzuzo zezentlalo ezifana negalelo lengxowamali yomhlaphantsi elonyusiweyo, isibonelelo sezezindlu esiphuculiweyo kwanofikelelo kwisibonelelo soncedo lwezonyango esifikelelekayo; inakana eli nyathelo njengempumelelo ebalulekileyo ephuculeni amalungelo nentlalontele yabasebenzi kwicandelo leziseko zokusebenza; imemelela kwiPalamente yePhondo ukuba ixhase uthethathethwano oluqhubayo olujonge ukuqinisekisa ukungadendwa kwabasebenzi nokukhuselwa kwabo ngakuzo naziphi na iziphumo ezibi zohlengahlengiso kwaTransnet; iqinisekisa ukuba iinguqu zesiseko masingasingeli phantsi amalungelo abasebenzi alwelwe nzima okanye zixube indima esembindini yombuso kurhulumento nolawulo lwamaqumrhu aphantsi kobunini bombuso (SOEs); ilumkisa ngokuba – nje ukuba iinguqu ezithile zizise iimpawu zubulibherali ezibalula inzuzo endaweni yabantu, zithibaze ulawulo loluntu okanye zibukule abasebenzi – imibutho yabasebenzi iza kuba isemalungelweni ayo kakuhle ukuqwalasela inyathelo loqhankqalazo, eliquka inyathelo logwayimbo, kukhuselwa amalungelo abasebenzi kunye nobunini boluntu; kwaye ibethelela ukubaluleka kwenguqu enobulungisa kunye nenkqubo yenguqu ekekelele kubasebenzi, eqhutywa ngabantu kwanengqamene neentsulungeko zobulungisa bezentlalo nezoqoqosho.

10. UNksz N D Nkondlo wenze isiphakamiso engenzanga saziso: Sokuba iNdlu iluqaphela ngothakazelelo utyelelo lokusebenza oluyimpumelelo lwegqiza loMzantsi Afrika, ebelikhokelwe nguMongameli Ramaphosa, oluye eMelika apho bedibene baza bonisana noMongameli Donald Trump nolawulo lwakhe ukuqinisa ubudlelwane bezorhwebo nokuchitha intlebendwane enobungozi engoyanyaniso, equka amabango angenasihlahla “embubhiso yabamhlophe” eMzantsi Afrika; iphinda iqaphele kwaye yamkele ukuba eli gqiza libonakalise umanyano kwanobuchule, kukhuselwa izivumelwano ezibalulekileyo,

ezifana noMthetho woKhulo neThuba leAfrika (AGOA), ogcina amawaka emisebenzi nokwakhuthaza amatyathanga ezoqoqosho phakathi kwezi zizwe zibini; inakana amagalelo abalulekileyo amalungu eli gqiza angundoqo, aquka uMongameli weCOSATU uZingiswa Losi, ogadlele ngamandla ekhusela amalungelo abasebenzi waza wathetha ngemingeni ekwiinkqubo efana nolwaphulomthetho, ubundlobongela obusekelezlwe kwisini kunye neenguqu zezoqoqosho; iyaqaphela ukuba iinkokheli zoshishino, ezifana noJohann Rupert, zikwadlale indima ebalulekileyo ekuchitheni intlebendwane yobuxoki bezopolitiko, ingakumbi ngokuqaqambisa ubundlobongela obuqatseleyo bamaqela emigewu aseNtshona Koloni, ayithelekise kunye nohlaselo lomkhosi olufana nolwamavukela-mbuso eM23, nto leyo idandalazise gca iintsilelo zorhulumento lweDA; igxeka ukuziphatha okukhwankqisayo kweDA ngexesha lezi ncoko, apho inokheli yayo, uJohn Steenhuisen, ebalule ipolitiki engasisi ndawo endaweni yomanyano lwesizwe, ekuphela emakakhalinyelwe esidlangalaleni ngokubethisa ngoyaba ingxaki yolwaphulomthetho oluqgubayo eNtshona Koloni; kwaye iyaqaphela ukuba esi similo sidakance ukuphambuka mpela kweDA kweyona mingeni yenene yaseMzantsi Afrika kwakunye nokungqamana kwayo neenkqubo zakumazwe angaphandle; kwaye incoma igqiza loMzantsi Afrika ngesakhono salo sobungqondi bobudlelwane kunye namanye amazwe ekucaciseleni ngobulumko ulawulo lweMelika olumbolombini nolusoloko lubona ububi kwabanye, likhusela ukuzimela geqe kwesi sizwe kwaye liqhuba phambili imidla yezoqoqosho nezentlalo ngonyamezelo nengcinga enobulumko.

*Jonga no:* Nksz N D Nkondlo (iph 8); Nksz A P Bans (iph 8); Mnu B Ngqentsu (iph 8); Nksz B Stoffel (iph 8); Nksz P Z Lekker (iph 8); Mnu G Brinkhuis (iph 10); Mnu D G Jacobs (iph 10); Nksz N Mbombo (iph 10); Mnu D W Bryant (iph 10); Nksz W F Kaizer-Philander (iph 10); Nksz R Windvogel (iph 10); Mnu F Kamfer (iph 10); Mnu B Ngqentsu (iph 10); Nksz A P Bans (iph 10); Nksz B Stoffel (iph 10); Nksz A Cassiem (iph 11); Mnu N P Masipa (iph 12); Mnu D W Bryant (iph 12); Mnu F Kamfer (iph 12); Nksz A P Bans (iph 13); Nksz N D Nkondlo (iph 13); Mnu M K Sayed (iph 13); Mnu B Ngqentsu (iph 13); Nksz R Windvogel (iph 13); Nksz P Z Lekker (iph 13); Nksz B Stoffel (iph 13); Mnu D G Jacobs (iph 13).